IB DIPLOMA PROGRAMME
PROGRAMME DU DIPLÔME DU BI
PROGRAMA DEL DIPLOMA DEL BI

N03/260/S(1)T

**AFRIKAANS B – STANDARD LEVEL – PAPER 1**
**AFRIKAANS B – NIVEAU MOYEN – ÉPREUVE 1**
**AFRIKAANS B – NIVEL MEDIO – PRUEBA 1**

Tuesday 4 November 2003 (morning)
Mardi 4 novembre 2003 (matin)
Martes 4 de noviembre de 2003 (mañana)

1 h 30 m

---

TEXT BOOKLET – INSTRUCTIONS TO CANDIDATES

- Do not open this booklet until instructed to do so.
- This booklet contains all of the texts required for Paper 1 (Text handling).
- Answer the questions in the Question and Answer Booklet provided.

LIVRET DE TEXTES – INSTRUCTIONS DESTINÉES AUX CANDIDATS

- Ne pas ouvrir ce livret avant d'y être autorisé.
- Ce livret contient tous les textes nécessaires à l'épreuve 1 (Lecture interactive).
- Répondre à toutes les questions dans le livret de questions et réponses.

CUADERNO DE TEXTOS – INSTRUCCIONES PARA LOS ALUMNOS

- No abra este cuaderno hasta que se lo autoricen.
- Este cuaderno contiene todos los textos requeridos para la Prueba 1 (Manejo y comprensión de textos).
- Conteste todas las preguntas en el cuaderno de preguntas y respuestas.

**TEKS A**

# GASTEHUIS VIR TOERISTE IN TOWNSHIP



Dit blyk ’n gewone groen huis met ’n hoefyster op die voorstoep te wees, maar Vicky Ntozini se huis is hier eintlik ’n Bed en Ontbyt gastehuis van formaat.

Dié entrepreneur is die afgelope twee jaar besig om toeriste selfs uit die buiteland in haar nederige huis met sy warm atmosfeer te verwelkom. Ondanks aanvanklike teenkanting in die gemeenskap, het sy deurgedruk en vandag is dit die ene bedrywigheid. Die bedankingskaartjies, briewe en notas teen die kennisgewingbord in die portaal getuig van die gasvryheid en vriendelikheid wat met elke besoek hier ontvang word.

Ntozini het met die besigheid begin om toeriste bewus te maak van hoe die meeste Suid-Afrikaners werklik leef. “Ek wou nie hê die oorsese besoekers moet slegs die mooi sy van ons land sien nie. Hulle moet ook nie net hóór van hoe arm ons mense is nie, maar dit self ervaar. Deur by Vicky’s B&B te oornag, kan toeriste die lewe in ’n township self ervaar. Dié lewe is ’n belangrike deel van Suid-Afrika.”

Hoewel sy twee van die drie slaapkamers vir die besigheid gebruik, en self ook in die huis met haar gesin woon, hou sy vol dat daar geen inbreuk op hul gesinslewe gemaak word nie. “Ek doen dit nie net vir myself nie, maar ook vir die gemeenskap. Die toeriste kom hier en sien hoe ons mense swaar kry en hulle ondersteun ons.” Haar besigheid gee dus hopelik blootstelling aan al die ander naburige besighede, meen sy.

**TEKS B**

## PLASTIEK: DIE STORM OOR WEGGOOI-SAKKIES

❶ Dit het Suid-Afrika se nasionale blom geword, sê die minister. En was dit maar 'n blom.

❷ Langs elke deurpad en teen elke draadheining wapper hulle vrolik in die wind - plastieksakke, net waar jy kyk. Onooglik, sleg vir die omgewing en sleg vir die mense, soos Valli Moosa, Minister van Omgewingsake en Toerisme, onlangs gesê het.

❸ En toe voeg hy by: hy het sommer lus en verbied die hele spul.

❹ Die plastiekvervaardigers was dadelik woedend. Straf liewer die morsjorse, het hulle laat hoor. En wat van bottels, blikke, papier? Dis net so lelik en net so morsig.

❺ "Vullis het 'n negatiewe uitwerking op mense, veral in die dig bevolkte stedelike gebiede waar rommel 'n groot probleem is," sê Valli. "Plastieksakke is een van die sondaars. Daarom moet ons gaan soek na alternatiewe vir die gewone dun plastieksak. En na die tempo waarin ons in dié land vullis produseer."

❻ Alternatiewe wat oorweeg kan word, sluit in dat Suid-Afrikaners soos baie buitelanders hul eie houers na die winkel bring. Die verbruik van winkelsakke kan ook beperk word deur klante vir die sakke te laat betaal. 'n Ander moontlikheid is winkelsakke van papier en sterker sakke wat herbruik kan word.

❼ Valli se aanbevelings klink soos musiek in die ore van veral beesboere. Veeartse moet dikwels ingryp om te help wanneer 'n plastieksak in 'n bees se ingewande vassteek.

❽ Maar van plastiek sal die moderne samelewing nie sommer ontslae raak nie, sê Douw Steyn van die Plastiekfederasie van Suid-Afrika.

❾ "Van supermark-sakkies tot kunsmatige hartkleppe en rekenaars word van plastiek gemaak. Plastiek raak elke aspek van ons lewe: ons verpak ons kos daarin, ons maak skoene daarmee, ons gebruik dit vir motors en waterpype en ons maak telefone daarvan," sê hy.

❿ In Suid-Afrika word plastiek vervaardig van gas wat van lae-graadse steenkool verkry word. Dit word verwerk tot plastiekkorrels waarmee die vervaardigers van plastiekprodukte enigiets van sakke tot speelgoed maak.

⓫ Byna die helfte van die plastiek wat hier vervaardig word, word uiteindelik verpakkingsmateriaal - bottels, ander houers en sakke. Die sakke, enigiets van kunsmissakke tot supermarksakkies, verteenwoordig sowat 29 persent van die land se totale plastiekproduksie.

12 "Daar is baie misvattings oor die omgewingsvriendelikheid van plastiek," sê Douw. "Alle plastiek is herwinbaar. In Suid-Afrika spesialiseer meer as honderd maatskappye in plastiekherwinning. Baie van die sakkies wat ons nou gebruik, is juis van herwinde plastiek gemaak."

13 Suid-Afrikaners verbruik elk net sowat 21 kg plastiek per jaar, terwyl die gemiddelde jaarlikse verbruik per persoon in ontwikkelde lande op sowat 100 kg staan.

14 Die Plastiekfederasie raam dat plastiek net 7 persent tot die gewig van vullishope bydra. Papier maak 37 persent daarvan uit en glas, wat heel langer neem om te verweer, byna 10 persent.


15 Vergeleke met ander soorte verpakkingsmateriaal is plastiek se bydrae tot die gat in die osoonlaag en die groenhuis-effek maar min, voeg Douw by. En die maak van plastiek veroorsaak min besoedeling en vereis min grondstowwe.

16 Dit is so dat plastiek baie sigbaar is en dat 'n heining vol sakke nie 'n mooi gesig is nie. Maar as mense ophou rommel strooi, sal die probleem baie kleiner wees.

17 Hoe gemaak as 'n mens nie meer gratis plastieksakke kry om jou kruideniersware in te pak nie?

18 Besorgde inwoners van Houtbaai het dalk die antwoord. Die *Hout Bay Beach Buddies* is al maande lank besig met 'n veldtog teen rommel. Op hul gereelde uitstappies om die strande skoon te maak, het hulle gesien plastieksakke is een van die grootste sondaars.

19 Hulle het nou 'n inkopiesak van katoen ontwerp. Die herbruikbare sak vou klein genoeg op om in 'n broeksak of handsak te pas. Die sakke kan vir minder as R10 elk gemaak word en die *Beach Buddies* glo dat die vervaardiging daarvan werk kan verskaf ***[ – Voorbeeld – ]*** honderde mense.




20 "Ons onderhandel tans **[ – 22 – ]** die vernaamste winkels in Houtbaai **[ – 23 – ]** die gebruik **[ – 24 – ]** die nuwe inkopiesakke. Ons wil die winkels versoek om verbruikers vir plastieksakke te laat betaal om hulle aan te moedig om eerder die materiaalsakke te gebruik," sê Lauren Robertson, koördineerder van die projek.

21 Lauren hoop om borge te kry sodat die katoensakke uiteindelik gratis aan verbruikers verskaf kan word. As die loodsprojek in Houtbaai werk, hoop hulle om dit gou **[ – 25 – ]** die res van die land uit te brei.

**TEKS C**

# BOEKGESPREK MET DEON MEYER





Voordat ek die Mouillepunt-koffiekroeg binnestap, wonder ek vlugtig of Deon Meyer verander het sedert die tagtigerjare toe ons vir ’n kort rukkie ’n kantoor gedeel het.

Min kon ons tóé dink dat ons vandag hier oorkant mekaar sou sit elkeen met ’n paar romantitels agter die naam. Ons gesels oor sy nuutste roman, Proteus (Human & Rousseau, R99.95). Hy’s ook die skrywer van *Wie met Vuur Speel, Feniks* en *Orion*.

“Ek wou met dié roman wegkom van die klassieke speurverhaal of spanningsroman-formaat. Ek wou vir ’n verandering nie ’n wit Afrikanerman as hoofkarakter gebruik nie. ’n Skrywer moet groei met elke boek en bewustelik verbeter.”

In Proteus vlug ’n groot slegte Xhosa motorfietsryer genaamd Thobela Mpayipheli op ’n motorfiets uit Kaapstad na Lusaka. Daar wil hy ’n hardeskyf vol hoogs vertroulike inligting vir ’n ou vriend gaan aflewer ten einde die vriend se lewe te red. Hiermee word hy deel van ’n internasionale intrige. Hy weet nie of hy dalk reg in die hande van die nuwe politieke meesters, die geheimsinnige Inkululeko, en selfs die regering se nuwe intelligensie-eenheid, speel nie. CIA-spioene, dubbele agente, gewese Umkhonto-lede, verkeerskonstabels en die Lugmag word deel van sy jaagtog teen die tyd.



Meyer, ’n storieverteller met finesse en flair, raak gesellig aan die praat as jy hom uitvra na sy karakters. Hy glo ’n storieverteller “moet vermaaklik wees”. Vir hom is “die leser alles”.

Met die skryf van ’n roman sien hy die volkome prentjie.

“Ek dink visueel. Wanneer ek skryf, is dit asof ek na ’n fliek kyk. Ek dink dit is belangrik dat ’n skrywer ingelig bly oor die moderne idioom van storie-vertel. Spanningskrywers kan soms meer leer deur spanningsrolprente te kyk as deur lees.”

Wanneer hy eers oor die kuns van skryf praat, verluister jy jou. Die skrywer van die mees ingewikkelde spanningsintriges in Afrikaans praat met ’n volwasse stem as skrywer en as mens.